
# DIENSNUUS

Ons gee God se hoop en liefde aan




**Sondag 19/2**

Lydenstyd

09:30 Erediens /Doop

Deuroffer: Alta du Toitskool

**Sondag 26/3**

Lydenstyd

09:30 Erediens /Kategese afsluiting

Deuroffer: Vroubediening

Diensbeurt: Sentrale

Welkom by die doop

Van Andriëtte Fick
dogter van
Lampie en Rolien Fick

19 Maart 2023



**Leer om die regte dinge weg te laat!**

Hierdie naweek is lank en lekker! As jy die bostaande opskrif lees dan gaan daar al sekere gedagtes by jou opkom. Vat 'n oomblik om na te dink oor hoe jy luister en die tipe vrae wat jy vra om eerder te kan luister. Lees dan verder uit Stephan Joubert se pen oor hoe ons keuses kan uitoefen. Ons gemeente is besig met praktiese dissipelskap – hoe ons doen en leef en die artikel help ons om by ons ja wat ons ja is uit te kom in woord en daad.

Die skrywer en tegnoloog, Johan Maeda, is bekend vir sy wette vir eenvoud. Sy eerste wet vir eenvoud is om in alle kontekste items te verwyder, eerder as om nog dinge by te voeg. "*When in doubt, just remove*," sê hy. Hy voeg egter ook by: "*But be careful of what you remove*." Net so! Dit is baie makliker om iets by te voeg as om iets weg te laat - vra maar vir enige spreker of skrywer. Nog 'n sarsie woorde en nog 'n paar paragrawe kom altyd makliker as om dit weg te laat. Die kuns van die lewe is egter om sekere woorde en dinge sinvol uit te laat, eerder as om nog woorde en nog tyd en nog spasie op te neem.

Ek onthou die verhaal van die ma van William Jennings Bryan (1860-1925), 'n Amerikaanse politikus, wat op 'n dag na een van sy toesprake geluister het. Na die tyd sê sy toe vir hom: "*You missed several good opportunities to sit down*." Wyse woorde! Ekself het mense al te veel kere gemartel deur aan te hou praat toe ek moes stilbly.

Soek die duifie op elke bladsy



Ek weet baie ander predikers, sprekers en deelnemers aan gesprekke doen dit ook. Soos wat Leonard Sweet sê: “*To ‘sit down’ can be as powerful as to ‘stand up.*’” Ons is nie veronderstel om mense se ore pap te praat nie, soos wat my dogter na een van my preke vir my gesê het toe sy nog klein was. Die Here het vir ons twee ore gegee en een mond. Ons moet dit op hierdie manier gebruik. Ons moet luister. Ons moet twee keer soveel luister as wat ons praat. Habakuk 2:20 roep die ganse aarde juis op om voor die Here stil te wees. Spreuke waarsku ons ook ’n hele paar keer teen te veel woorde. Wyse mense praat minder en meer deurdag. Wyse mense dink voordat hulle praat, nie eers nadat hulle klaar gepraat het nie. Wyse mense praat mooi en keurig oor die Here en oor ander mense. Hulle laat graag afbrekende woorde weg. Leer asseblief by Spreuke hoe om jou woorde te vereenvoudig. Praat minder. Verwyder slegte woorde. Voeg opbouende woorde by. Bid dat God jou sal help met die regte “woordverminderinge”.

**Preeknota’s**: 19 Maart 2023

**Teks**: 2 Tim.4:6-8

**Tema**: Volharding begin by die doop

Tydens ‘n doopgeleentheid kom hoor ons een ding:

God wat vir ‘n klein kindjie sê: **Ek sal jou God wees**.

God kom verbind Homself aan ‘n baba – wat beteken die verbintenis “van God aan jou” vir jou?

Martin Luther kon in moeilike tye EEN ding sê: Ek is gedoop. Maw ek behoort aan God omdat Hy so sê. Ek is veilig omdat God by my is. Hoe vertel ons die wonderlike boodskap van genade aan ander oor deur die manier wat ons leef?

Paulus skryf aan sy kind in die geloof: dat hy het sy lewe uitgegiet. Hoe giet ons ons lewens uit vir Jesus?


Hoe weet ons dat ons die oorwinningskroon gaan behaal?

Dink aan die vreugde en vrede om te kan sê : Ek het dit gemaak tot by God se aangesig (Matteus 10:32)










# Voorbidding

**Jacobus Theunissen**

**Proppie en Elzane Bothma se tweeling**

**Johan Visagie**

**Dan Swart**

**Jan Hendrik van Straaten**

**Imagine Kamp**

| | | |
|---|---|---|
| Cara | Delport | 03/17 |
| Anmari | Jordaan | 03/17 |
| Johbert | Van der Westhuizen | 03/17 |
| Zanelle | Colyn | 03/18 |
| Simon | De Beer | 03/19 |
| Elzaan | Rademan | 03/19 |
| Sharné | Swart | 03/19 |
| Marelize | Faul | 03/20 |
| Anette | Johannes | 03/20 |
| Herman | Crous | 03/21 |
| Marinda | De Kock | 03/21 |
| Rosa | Lubbe | 03/21 |
| Hanri | van Zyl | 03/21 |
| Alma | Engelbrecht | 03/23 |
| Lisa-Mari | Manning | 03/23 |
| Johan | Ellis | 03/24 |
| Hanno | Wiehahn | 03/24 |
| Piet | Rousseau | 03/25 |
| Fred | Bosman | 03/26 |
| Wilhelm | Louw | 03/26 |
| Juan | Theron | 03/26 |
| Debbie | Van Der Merwe | 03/26 |
| Adriaan | Wiehahn | 03/26 |

# Protea Dienssentrum

**Doel van die Protea Dienssentrum:** Om 'n diens te lewer aan ons ouer persone, wat selfversorgend in die dorp woon. Verskillende aktiwiteite word aangebied om dit vir hulle lekker te maak en hulle te laat sosialiseer.

**Wat bied ons alles aan:**

1. **Aktiwiteite:**

Ons is elke dag van die week oop vanaf 7:30 tot 13:30, maar die aktiwiteite gebeur hoofsaaklik op Dinsdae, Woensdae en Donderdae en as ons pannekoek bak, is dit gewoonlik op 'n Vrydag. Ons gee 'n program vir die lede dat hulle kan weet wat is wanneer. Die tye is soos volg:

Opening – Dinsdae en Donderdae 09:00 (behalwe wanneer Biblioteek – dan 08:45)

Elke dag word ook tee/koffie en broodjies aangebied so tussen 09:30 en 10:00

***Dinsdae*** – Biblioteek elke tweede Dinsdag. Personeel van Biblioteek bring boeke en lede kan dit leen.

Die weke tussen-in maak ons voorsiening vir voete en hande. Ons is ook weer besig om iemand te soek om die bloeddruk en suiker te kan kom meet. Alles word teen 'n billike tarief aangebied.

Daarna is daar tyd dat die lede kan sit en sommer net lekker sosialiseer/gesels en sit en brei, hekel of ander handwerk doen.

***Woensdae*** – Koor 08:15

Samesang 08:45

Godsdiens 09:00 (aangebied deur predikante/Pastore/vrywilligers)

***Donderdae*** – Oefeninge/Gim Trim en Speletjies

2. **Etes:** Dinsdae, Woensdae en Donderdae bestel ons etes vanaf Heidehof vir diegene wat wil bestel. Maandeliks het ons die Gemeente-ete wat deur die 2 NG Kerk-gemeentes gedoen word.
3. **Medikasie:**Diegene wat medikasie vanaf die kliniek kry, se goedjies word hier by die sentrum afgelaai en hulle kom kry dit hier op voorafbepaalde dae en tyd.
4. **Uitstappies:** Ons poog om kwartaalliks uitstappies te hê – party naby en party verder. Aangesien ons manslede se getalle heelwat toegeneem het, wil ons hulle ook bietjie bederf.
5. **Fondsinsamelings:** Gereelde bak van pannekoeke, Basaar in Augustus, Vrugtefees in Februarie en Skaaphondkompetisie
6. **Ledegeld:** Sassa-lede R60 per jaar

   Nie-Sassa lede R85 per jaar

   Onder 60jarig R100 per jaar (hoofsaaklik agv medikasie ondersteuning)

Ons is dringend op soek na **Vrywilligers** wat ons hande kan neem met ons basaar, asook Godsdiensbeurt op 'n Woensdag (al is dit net eenkeer per jaar) en sommer net somtyds in te loer. **Kontak Marlene by 082 570 6693 of 082-2121407**. (Ons is direk agter die kerksaal).

Indien daar nog persone is, wat graag sal wil aansluit, kontak ons ook by die nommers: 082 570 6693 / 028-2121407.

Baie dankie.

Marlene Rousseau

## SO HOU ONS KONTAK!

**Kerkkantoor**: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

**Kantoor** Whatsapp-nommer:
072 807 3192

**Ds. Dewald du Toit**:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

**Ds. Willem Lubbe:**
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Snap here to pay
SnapScan

**Webblad:** ngcaledon.co.za

**Facebook**: NG Kerk Caledon Moedergemeente

**Bankbesonderhede:** N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509







